CLF MONITOR
Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za
VOL: 10 WINTER 2010

Donateurs stap anders saam

Teen hierdie tyd is daar seker nie meer een van ons donateurs wat nié van ons Bybelverhaalbundel, *Kom stap saam* weet nie.

Ons het so 'n goeie reaksie op hierdie boek gehad, dat 'n Afrikaanse herdruk in proses is. Dankie vir elkeen se ondersteuning wat dit moontlik gemaak het om hierdie boekie in ses tale uit te gee en so bekostigbaar op die rak te plaas.

Die jongste vertaling van hierdie boek is in Tswana en dit sal teen middel Julie beskikbaar wees. Dit beteken die boek is nou beskikbaar in Afrikaans, Engels, Sotho, Xhosa, Zulu en Tswana.

Onlangs het CLF weer die versoek van 'n donateur ontvang om sy gratis kopie van die bundel aan iemand te oorhandig. Die keuse het op die plaasskool, Bergrivier Primêr geval waar sowat 90 kinders uit die plaaswerkergemeenskap skoolgaan. CLF-personeel het uit hul eie sakke nog kopieë bygedra sodat elke klassie ten minste 'n kopie van die boek het.

Die puik gedagte maak nou dat nog 90 kinders die Woord van God hoor en van Jesus se liefde leer.

Onthou dat elke bydrae, hoe groot of klein ook al 'n verskil maak. Indien u nog tot hierdie projek wil bydra of 'n boek aan 'n behoeftige kind wil stuur, maak gerus kontak met ons.

Wat is dan nou lekkerder as om te weet dat daar Bybelstories uit 'n splinternuwe boek voorgelees gaan word. Die kleintjies van Bergrivier Primêr was omtrent opgewonde toe CLF se bestuur Driekie Beukes en Christelle Vorster die boeke aan die personeel oorhandig het.

LIONS ONDERSTEUN: Die Lions van Wellington het 'n hupstoot aan die *Kom stap saam* projek gegee met 'n skenking van R10 000. Hierdie skenking beteken dat die nuwe oplaag van die boek steeds teen die bekostigbare prys van R49.95 verkoop kan word.

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

1 miljoen Bybels vir miljoen kinders!

Word deel van hierdie opwindende projek!

In samewerking met Lux Verbi bring CLF eersdaags 'n sagteband Kinderbybel uit, geskik vir Gr 1 tot 4 lesertjies.

In *Kinders van God* vertel emeritus aartsbiskop Desmond Tutu meer as vyftig van sy gunstelingverhale uit die Ou en die Nuwe Testament. Sy lewenswaardes van liefde, vergifnis, nederigheid, vrygewigheid en dapperheid word op 'n kreatiewe manier aan kinders oorgedra sodat hulle kan leer dat God se kinders in liefde, vreugde en vrede moet saamleef.

Die teks word visueel aangevul deur 'n span illustreerders van regoor die wêreld.

Borg 'n boek

CLF se droom is dat elke kind in Suid-Afrika na afloop van hierdie projek hierdie lewenswaardes uit hul eie Bybel kan leer. In fase een van die projek wil ons egter afskop deur 'n Bybel in elke Graad 1 tot 4 klas van skole in Suid-Afrika te plaas en so potensieel 120 kinders per skool te bereik. (Gebasseer op 'n gemiddeld van 40 kinders per klas.)

U kan hierdie projek ondersteun deur een boek te borg teen slegs R50 of 'n skool te borg teen R200, een boek vir elke Gr 1 - 4 klas. CLF sal skole regoor Suid-Afrika identifiseer en op roterende basis boeke aan hul stuur, soos donasies daarvoor ontvang word. Indien u voorkeur aan 'n spesifieke skool wil gee, sal CLF graag aan u wens voldoen. Die *Kinders van God* Bybel sal in Augustus beskikbaar wees in Afrikaans, Engels, Sotho, Xhosa, Zulu en Tswana.

Help CLF om hierdie droom te laat waar word!

Slakkepos of e-pos?

Wil u graag voortaan die CLF MONITOR per e-pos ontvang? Stuur asseblief 'n e-pos aan info@clf.co.za met die onderwerp "e-pos nuusbrief".

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

Jeug raak lewenswys deur sang en lektuur

In die Boland woeker 'n plaaslike inwoner, Mario Small met 'n talentvolle groepie jongmense.

Hierdie kinders kom uit gemeenskappe wat dit nie baie breed het nie en is dikwels blootgestel aan misdaad, dwelmmisbruik en mishandeling. Enige vorm van opheffing is dus vir hulle 'n geleentheid wat hul met beide hande aangryp.

Op eie houtjie spook Mario om fondse in te samel om hierdie kinders deel van 'n sanggroep te maak wat gereeld optree en selfs al 'n CD opgeneem het, danksy soveel mense wat hul harte vir die Hugenote Singers oopgemaak het. Tydens elke geleentheid wat hierdie groepie optree, word CLF se pamflette ook uitgedeel en die sanggroepie is self ywerige lesers van dié pamflette.

"Die pamflette verdwyn telkens soos mis voor die son," sê Mario. "Dit lyk asof die mense nie werklik weet van dwelms nie – veral die ouers. Ek dink die pamflette dien sy doel – om in te lig en ook te waarsku."

CD's van die groepie is beskikbaar deur 072 184 1115 te skakel of stuur 'n e-pos aan mario@bmedia.co.za. Dit is ook die nommer om te skakel indien daar belangstellendes is wat die groep wil laat optree.

Van links staan van die kinders van die Hugenote Singers: Francois van Staden met Hedwig Moore, Skakelbeampte van CLF, Collinesia Walker en Marshlynn Conway met Mario Small agter.

Hierdie uitreike deur middel van CLF se pamflette kan net moontlik gemaak word deur die onbaatsugtige bydraes van ons donateurs. Elke sent wat CLF ontvang word teruggeploeg in die maak van aktuele, aantreklike lewensveranderende lektuur.

HUISWERKERKAMP - Uit die Vrystaat laat weet Martie Venter dat hulle 'n wonderlike kamp aangebied het en baie van CLF se pamflette gebruik gemaak het. Die pamflette is op verskillende maniere gebruik. Ds Pali het die Bybelstudie hanteer en hy het ook die gebruik van traktaatjies met hulle behandel terwyl Thea Guillaume, predikantsvrou wat sendingwerk in Lesotho doen, ook pamfletgebruik bespreek het. Martie het van die pamflette se inhoud deurgewerk. Daar is beklemtoon dat 'n pamflet gedeel moet word en 'n nuttige instrument is om aansluiting te vind of om iemand met 'n probleem te begelei.

Op die wildplaas Intaba Indle naby Bela-Bela word Boesmans op 'n kontrakbasis gebruik om vir periodes van vier maande as sekuriteitswagte op te tree. Die laaste tyd word al meer van hul dienste in die noorde gebruik gemaak. Hulle is afkomstig van Platfontein nadat hulle eers op Schmidsdrift gebly het. Etlike van hulle is in Angola gebore en het later na die onafhanklikwording van Namibië na SA gekom. Die pad wat agter hulle lê, was nie maklik nie. Hulle is almal getroud, maar kan uiteraard nie hul families met hulle saambring nie. Werkloosheid is groot onder die inwoners van Platfontein.

Dr Sarel Terblanche, emeritus predikant op Warmbad, gee aandag aan die versorging van die Boesmans. Hulle praat Afrikaans en !Ku. Onlangs het die groepie in die NG Kerk Warmbad as koortjie opgetree en twee liedere in beide tale gesing en is CLF pamflette aan hulle uitgedeel. Daar word gepoog om die groep in kontak te bring met ander groepe van Platfontein wat op nabygeleë wildsplase werk, sodat hulle sosiaal kan verkeer. Dit word in die vooruitsig gestel dat die groepe eersdaags nadat hulle touwys gemaak is, in verskillende sportsoorte sal meeding.

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

Uit ons Possak

Baie dankie vir die pamflette wat ek ontvang het. Ek glo dit sal 'n verskil maak. Dankie vir dit wat julle doen. Mens kan nie glo dat die pamflette verniet was nie. Ek het nie geweet daar is nog mense wat so vrygewig is nie. Ek sal dit goed gebruik en benut. Dankie weereens. Mag die Here julle seën. ZH

Ons woon in 'n aftree-oord. Toe ek gister die pos oopmaak, was dit met groot opwinding wat ek "Wanneer die amandelboom in bloei staan ..." in die hand geneem het. Ek het net een kommentaar daarop: Kolskoot! Dís wat ons nodig het! Ek het sopas my Wyk hier in die oord deurgegaan, maar wil dit sommer dadelik weer doen, met "Wanneer die amandelboom ..." in my hand. J&P

Jul lektuur was tot op datum vir ons van groot aanwins en ons wil hiermee jul verseker dat die luisteraars van Radio Tygerberg baie baat daaruit put. Julle lektuur spreek al die probleem areas in die samelewing aan. Ons het nog 'n paar van sekere onderwerpe in voorraad, maar die lektuur wat handel oor Verkragting, geweld en mishandeling, sowel as oor die huwelik is eerste uit. Dit sal wonderlik wees as jul meer vir ons daarvan sal kan laat kry.

Ek erken ontvangs van die kosbare pamflette... Baie baie dankie! Baie dankie... Dit help oneindig baie. Die nood is groot in Botrivier! Baie dankie aan elkeen daar dat jul sulke kosbare instrumente is in God se hand. E&L

Baie dankie vir die pamflette. Ek het dit gister ontvang en terwyl ek dit vanoggend in die kliniek se wagkamer uitpak, het daar alreeds mense van die pamflette geneem! Ek is so opgewonde om iewers 'n saadjie te kan saai. Al is dit net in een persoon se hart. L

Mag God jul ryklik seën vir jul barmhartigheid teenoor behoeftige kinders. MB

Net 'n woord van dank vir die gratis leesstof in Tswana en die katalogus. Ek en my Bybelstudiegroep sê baie dankie - ons waardeer dit opreg. Het die leesstof begin uitdeel en glo en vertrou as ons die saad saai, sal God sorg vir die res. RL

Graag wil ek net vir u almal baie dankie sê vir vriende soos julle wat God se woord vir ons, my, so maklik maak om te onthou - dat God altyd daar is vir ons in tyd van hartseer en selfs dood. Ek wil ook dankie sê dat ek weet daar word êrens vir ons en my ook gebid al ken ons mekaar nie. SN

REGTE INLIGTING? CLF het met die aanvang van 2010 na 'n nuwe datastelsel opgradeer en moet nou alle inligting kontroleer. Ons wil u dus vriendelik versoek om, indien u persoonlike inligting verander het of in die toekoms verander, ons onmiddellik in kennis te stel sodat ons dit op die stelsel kan aanpas. Later vanjaar sal u 'n inligtingsvorm ontvang waarop ons u sal versoek om u inligting soos wat dit op ons stelsel verskyn, te kontroleer. Ons vra verskoning indien dit u enige ongerief veroorsaak en vra dat u asb geduldig met ons sal wees.

WIE IS HIERDIE DONATEURS? CLF ontvang op 'n gereelde basis donasies wat nie geïdentifiseer kan word nie. Gevolglik kan ons nie hierdie donateurs bedank nie. Maar elke bydrae maak so 'n groot verskil en ons is opreg dankbaar daarvoor. Daarom wil ons graag van die geleentheid gebruik maak om elkeen opreg te bedank. Maak dus asb seker dat u u volle naam en ook telefoonnommer as verwysing op die depositostrokie aanbring. Dui aan DON vir donasie of PAM vir pamflette. Indien moontlik, faks dit vir ons deur na 021 864 3678.